

**Sing vooraf staande: Psalm 130:2, 4 (p. 635)**

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,  
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?  
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;  
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;  
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.  
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry  
van ongeregthede. / HEER, doen ook so aan my!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 9:1, 5 (p. 36)**

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.  
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 5 Maar bo wat wissel en vergaan, / bly ewig God se rykstroon staan.  
Hy vel sy vonnis uit die wolke, / regverdige oordeel Hy die volke.

**Geloofsbelydenis: Nicea**

*Na die wet sing ons Ps. 16:4 (p. 62).*

Wet

**Psalm 16:4 (p. 62)**

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

**Psalm 4:1 (p. 14)**

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!  
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.  
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede  
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,  
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Skriflesing: Matteus 20

Teks: Matteus 20:13

**Maar hy antwoord en sê vir een van hulle: Vriend, ek doen jou geen onreg aan  
nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie? (Matteus 20:13 AFR1953)**

Hierdie gelykenis teken die vryheid van die Here om te doen wát Hy wil, en ook sóós Hy wil, baie duidelik.

- Dit word natuurlik in hierdie gelykenis in verband gebring met die genade van die Here wat Hy uitdeel soos Hy wil.

Die inhoud van die gelykenis is baie maklik.

- Iemand het 'n wingerd.
- Hy soek arbeiders om daarin te gaan werk.
- Dan gaan hy mark toe om die mense te soek.

In daardie dae was die markte in breë trekke maar net soos wat ons die markte vandag ook ken:

- Daar was allerhande ware te koop en elke item het sy eie plek op die mark gehad.
- Daar was tot 'n afdeling waar slawe gekoop kon word.

En dan was daar hierdie ander afdeling waar die mense wat werk gesoek het, bymekaar-gekom het.

- Hulle het dan maar bloot daar gestaan en wag totdat iemand hulle vir die dag wil huur.
- Dan het hulle onderhandel oor die prys en as tevredenheid bereik is, het hulle saam met die persoon vertrek.

Dit is waarom hier in die gelykenis net staan dat die huisheer doodgewoon gegaan het en die mense gekry het.

- Dis omdat daar 'n plek was waar hy geweet het dat hulle daar sou wees en hy het reguit daarheen gegaan.

Die Jode het hulle dag ingedeel in twaalf gelyke ure wat met sonop begin het en met sononder geëindig het.

- Hierdie huisheer het, so vertel die gelykenis, in die gang van die dag vyf keer gaan werkers huur.
- Die eerste groep huur hy om negeuur.
- Die tweedes omtrent twaalfuur en die derdes omtrent drieuur.
- Die vierdes was omtrent vyfuur gehuur en die laastes toe die dag al byna verby was – dit was al skemer, met ander woorde hulle het minder as een uur lank gewerk.

Kom ons kyk nou na belangrike dinge wat die Here in die gelykenis inwerk (die punte van vergelyking waarvoor dit gaan):

- Die eerste is dat God mense roep om in sy diens te werk.
- Elke mens word deur God geroep in sy diens.
  - Dis nie net die dominee of die kerkraadslede wat geroep word en wat opdragte van God ontvang nie.
  - Ons hele lewenstaak is die opdrag wat God aan ons gee om tot sy eer te gaan uitvoer.

Dit is ook uit die gelykenis baie duidelik dat God nie alle mense ewe hard of ewe lank laat werk nie.

- Sommige mense se taak is ongetwyfeld swaarder as ander mense s'n.
- Dit laat dan die gedagte by seker enige mens opkom: Gaan die Here ons dan ook verskillend seën in die hiernamaals?
- Die gelykenis sny dus ons roeping aan, maar ook ons verantwoordelikheid en ook ons sogenaamde *regte* waarop ons aanspraak maak.

Die mense wat voor die Here gestaan het toe Hy hierdie gelykenis vertel het, het bepaalde verwagtinge gehad ten opsigte van die betaling wat die mense in die gelykenis sou ontvang.

- Die Here sluit daarom ook by hulle verwagtinge aan.

- Hy vertel dat die opsigter opdrag kry om die mense wat laaste begin werk het, eerste te beloon.

Hulle betaling was een dinari/penning/'n dagloon.

- Dit was die prys wat destyds vasgestel was as betaling vir iemand wat sy dienste uitgehuur het vir een dag.
- Dit val dadelik op dat hierdie mense die betaling kry waarop die huisheer die oggend ooreengekom het met die mense wat hy eerste gehuur het – die mense kry almal betaling en almal kry dieselfde hoeveelheid geld.

Daar is groot teleurstelling by die mense wat langer gewerk het. Hulle het verwag om meer betaling te ontvang as die wat laaste gehuur is.

Miskien het selfs ons wat die gelykenis lees, ook soos die mense wat dit gehoor het, 'n idee dat die ander meer geld sou kry. Die Here gebruik ook argumente wat Hy invoer in die gelykenis om die mense se gedagtegang in een lyn met sy raadsplan te kry.

- Die mense wat eerste gehuur is, voer aan dat hulle die hele dag lank gewerk het. (Onthou net dat die laastes seker maar net 'n halfuur lank gewerk het!)
- Hulle het ook die hele dag lank in die warm son gewerk en die ander het eers begin toe dit al lekker koel was.

Hulle voel dus duidelik die ongelykheid aan wat die Here beskik oor die roepingsglas wat Hy op mense lê.

- Verder sukkel hulle ook om die oneweredigheid van die verspreiding van die Here se genade oor mense te verwerk.
- Dan antwoord die Here hulle dat Hy hulle geen skade aangedoen het nie.
  - Hy het met hulle 'n kontrak aangegaan dat Hy hulle 'n sekere vergoeding sou gee.
  - Hy het – hulle het presies gekry waarvoor hulle gevra het.

Maar dan plaas die Here ook die *regte* wat ons onself soms toe-eien in perspektief.

- Ons kan nie meer eis as waarop ons geregtig is nie.
- As Hy vir party mense meer wil gee, is dit sy saak, want dis sy genade.
- Hy kan daarmee doen wat Hy wil.

Ons moet hiermee saam ook die kwessie van betaling in die regte perspektief sien, soos wat dit ons raak.

- Die Here praat daarvan dat ons *loon* of *betaling* vir ons werke (of geloof) sal kry – dit staan inderdaad in die Bybel.
- Maar nou moet ons ook nie maak asof dit al is wat daar staan nie – daar staan baie uitdruklik wat ons betaling gaan wees.

Die Bybel leer die volgende oor die betaling wat ons behoort te kry:

**Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.** (Romeine 6:23 AFR1953)

Dis waarop ons aanspraak kan maak.

Maar nou weet ons dat God in sy genade meer betaal as wat ons werd is.

- Daarom het Hy die Here Jesus laat kruisig en daarom het Hy sy lewe aan die kruis laat aflê.
- In sy dood het ons genadeloon by God verwerf, want die lewe en regte wat Christus verwerf het, pas God nou op ons toe.

Prakties beteken dit bloot dat ons nie met die dood betaal word nie, maar met die lewe.

- Solank ons net altyd bly onthou dat die genade van God geen regte vir ons skep nie.
- Dit bly 'n voorreg om van ons sondes vrygespreek te word. En dit bly 'n voorreg om uitverkies te mag wees en om te mag glo.

Met hierdie gelykenis trek die Here ons verantwoordelikheid en roeping van ander mense en hulle verhouding met God af weg en Hy laat ons net onself voor God sien.

- Moet nie jousef opweeg teen ander mense se genade nie.
- Weeg jou alleen in die baie genade wat jy van God af kry.

Daarmee saam gaan natuurlik baie sterk ons verantwoordelikheid.

- Ons word geroep tot diens – dis maklik gesê, maar dit beteken 'n voluit geloofslawe.
- Maar dit beteken ook 'n eerlike geloofslawe in die sin dat ons nie God se raadsplan altyd wil buig om ons siening te pas nie.

Dit is ook 'n geloofslawe van opoffering, want dit vra ook berusting. Ons moet baie dikwels berus in dinge wat vir ons te groot is om te hanteer of te verstaan.

Die gelykenis leer egter die genade dat ons almal wat ons roeping gehoorsaam, deur God die loon van die verlossing ontvang.

- Meer as dit kan ons nie vra nie, wat ons is nie meer werd nie.
- Tog, niteenstaande al ons gebreke, het God steeds 'n verlossingsverbond wat Hy self met ons kom opstel het en wat Hy ook nog steeds handhaaf!

Die Here se woorde is dus van ons ook waar:

**Ek doen jou geen onreg nie, het jy nie met My ooreengekom vir een penning nie?**

Ons kon sy verbond nie nakom nie – tog roep Hy ons na sy Nagmaaltafel toe om ons van die ewige lewe as 'n genadeloon te verseker!

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 146:6 (p. 701)

- 6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;  
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.  
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 22 Mei 2011